“**appèlowerheid**” die Minister; of appèlkomitee;
“**appèlkomitee**” 'n paneel kundiges wat deur die Minister aangestel is;
“**appellant**” enige persoon wat te na gekom voel en wat 'n appèl ingevolge artikel 57A van die Wet ingedien het;”.

Wysiging van regulasie 24 van die Regulasies

3. Regulasie 24 van die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende regulasie ná regulasie 24 in te voeg:

“**24A. Uitreiking van skriftelike kennisgewing**
(1) Die Minister of 'n persoon deur hom of haar gedeleer, kan 'n skriftelike kennisgewing uitreik vir die oortreding van artikel 7(5) van die Wet, deur die vorm in Aanhangsel A by hierdie Regulasies, te gebruik.
(2) Voordat 'n skriftelike kennisgewing ingevolge subregulasie (1) uitgereik word, moet die Minister of 'n persoon deur hom of haar gedeleer, die persoon vir wie die skriftelike kennisgewing bestem is—
(a) vooraf skriftelike kennisgewing gee van sy of haar voorneme om sodanige skriftelike kennisgewing uit te reik deur die vorm in Aanhangsel B by hierdie Regulasies te gebruik; en
(b) 'n redelike geleentheid om skriftelike verhoë aan die Minister of aan 'n persoon deur hom of haar gedeleer, te maak, oor hoekom sy of hy nie die skriftelike kennisgewing soos voorgeneem moet uitreik nie.
(3) Indien die Minister of 'n persoon deur hom of haar gedeleer, rede het om te glo dat die gee van 'n voorafkennisgewing, ooreenkomstig subregulasie (2), van die voorneme om 'n skriftelike kennisgewing uit te reik, 'n vertraging sal veroorsaak wat beduidende en skielike skade aan die natuurlike boshabitat tot gevolg kan hê, kan die Minister of 'n persoon deur hom of haar gedeleer, 'n skriftelike kennisgewing uitreik sonder om aan subregulasie (2) te voldoen.”.

Wysiging van regulasie 25 van die Regulasies

4. Regulasie 25 van die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende regulasie na regulasie 24 in te voeg:

**“HOOFSTUK 11
ADMINISTRASIE EN VERWERKING VAN APPÈLLE**

25A. Toepassing

- (1) Hierdie hoofstuk is van toepassing op 'n appèl teen 'n besluit wat ingevolge die Wet geneem is.
- (2) Geen appèl is beskikbaar indien die appèlowerheid die besluit gemaak het waarteen appèl aangeteken word nie.

25B. Stigting van Appèlkomitee**25Ba. Aanstelling van Appèlkomitee**

- (1) Wanneer dit ook al nodig is om die Komitee aan te stel, moet die Minister:
 - (a) Benoemings aanvra by wyse van 'n kennisgewing gepubliseer in ten minste twee koerante met nasionale sirkulasie, waarin 'n tydperk gespesifiseer word waarbinne die benoemings ingedien moet word;
 - (b) 'n Kortlys van geskikte kandidate vanuit die benoemings moet saamgestel word en by die Minister ingedien word binne een maand sedert ontvangs van die benoemings;
 - (c) Die Minister moet die lede van die Komitee aanstel nadat die kortlys oorweeg is.
- (2) Die Minister kan—
 - (a) 'n alternatiewe lid vir enige lid van die Komitee aanstel; en
 - (b) 'n plaasvervanger aanstel vir enige lid wat sy of haar amp ontruim.
- (3) Die plaasvervanger dien vir die res van die termyn van die persoon wat hy of sy vervang.
- (4) Die Minister moet een lid van die Komitee as voorsitter en een lid as ondervoorsitter aanstel.

25Bb. Aanstellingsvoorwaardes van Komiteeledes

- (1) 'n Lid van die Komitee beklee die amp vir 'n tydperk van—
 - (a) ses jaar in die geval van die voorsitter van die Komitee; en
 - (b) vyf jaar in die geval van ander lede.
- (2) By die verstryking van sy of haar ampstermyn, kan 'n lid weer aangestel word.
- (3) 'n Lid of alternatiewe lid van die Komitee moet sy of haar amp ontruim indien—
 - (a) die Minister te eniger tyd sy of haar ampstermyn met goeie rede beëindig na oorlegpleging met die voorsitter van die Komitee;
 - (b) hy of sy nie meer sy of haar pligte op die Komitee kan verrig nie;
 - a. hy of sy aan 'n misdryf skuldig bevind word en tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonnissen word;
 - b. hy of sy sonder die toestemming van die voorsitter van meer as twee agtereenvolgende vergaderings van die Komitee afwesig is; of
 - (c) hy of sy by skriftelike kennisgewing aan die Minister bedank.
- (4) Lede van die Komitee word nie vir hul dienste vergoed nie, behalwe reis- en akkommodasie met die doel om Komiteevergaderings by te woon.

25C. Indiening van appèl

- (1) 'n Appellant moet, binne 20 dae vanaf die datum waarop 'n beslissing ontvang word, 'n appèl indien—
 - (a) om by die administateur appèl aan te teken met gebruik van die vorm in Aanhangsel C;
 - (b) by die aansoeker, waar die appellant nie die aansoeker is nie;
 - (c) waar van toepassing, by enige geregistreerde, belanghebbende en geraakte party, waar die appellant die aansoeker is; en
 - (d) by enige geraakte staatsorgane.

- (2) 'n Appèl ingevolge subregulasie (1) ingedien, moet—
 - (a) skriftelik wees;
 - (b) in die vorm wees wat van die appèladministrateur verkry kan word;
 - (c) 'n verklaring insluit wat die gronde vir appèl uiteensit; en
 - (d) die stawende dokumentasie insluit, waarna in die appèl verwys word.
- (3) 'n Applikant moet geregistreerde, belangstellende en geraakte partye, waar van toepassing, en geraakte staatsorgane in kennis stel en 'n afskrif van die appèl aan hulle beskikbaar stel binne 10 dae sedert ontvangs van 'n appèl ingevolge subregulasie (1)(b).

25D. Reaksie op 'n appèl

Die appèlowerheid moet die appellant binne 10 dae vanaf die datum van ontvangs van 'n appèl, skriftelik antwoord.

25E. Antwoord op 'n appèl

Die appellant kan, binne 10 dae vanaf die datum van ontvangs van die appèlowerheid se skriftelike reaksie op die appèl, 'n skriftelike reaksie aan die appèladministrateur voorlê.

25F. Bykomende inligting

Die appèladministrateur kan te eniger tyd tydens 'n appèlproses, versoek dat enige party wat aan die appèlproses deelneem, bykomende inligting voorlê.

25G. Beslissing oor appèl

- (1) Die appèladministrateur moet aanbevelings by die appèlowerheid maak binne 20 dae vanaf reaksie van die aansoeker af.
- (2) Die appèlowerheid moet 'n beslissing oor 'n appèl vel, en die appellant, aansoeker, en, waar van toepassing, enige geregistreerde, belangstellende en geraakte party en geraakte staatsorgane in kennis stel van hul besluit binne 30 dae vanaf ontvangs van aanbevelings van die appèladministrateur.
- (3) 'n Appèlbeslissing moet skriftelike rede vir die beslissing bevat.

25H. Verwerking van appèl

- (1) Die appèladministrateur moet ontvangs van 'n appèl erken, reaksie of antwoord op 'n appèl, onderskeidlik, binne vyf werksdae na ontvangs.
- (2) Die appèladministrateur moet die appellant en die aansoeker, indien van toepassing, binne vyf werksdae in kennis stel van die aanstelling van 'n adviserende appèlpaneel of -kundige.

25I. Verlenging van tydsbestekke

Die tydsbestekke in regulasies 25C, 25D, 25E en 25F, beoog, kan skriftelik verleng word, by ooreenkoms tussen die appellant, die appèladministrateur en waar van toepassing, die aansoeker.

25J. Ingewikkelde appèlle

- (1) Die appèladministrateur moet aanbevelings aan die appèlowerheid doen binne 30 dae van ontvangs van 'n reaksie van die appellant.
- (2) Ondanks regulasie 25F, kan die appèlowerheid oor 'n appèl beslis en die appellant, aansoeker en, waar van toepassing, enige geregistreerde, belanghebbende en geraakte party en geraakte staatsorgane, in kennis stel van hul beslissing binne 50 dae nadat aanbevelings van die appèladministrateur ontvang is, indien 'n appèl ingewikkeld is.
- (3) 'n Appèl is ingewikkeld indien dit verg—
 - (a) dat die appèladministrateur 'n eksterne kundige/spesialis aanstel om die appèlowerheid by te staan om 'n beslissing te vel;
 - (b) dat die appèladministrateur 'n terreininspeksie doen om die appèlowerheid behoorlik van raad te bedien; of
 - (c) dat meer as een appèladministrateur die appèl verwerk weens die volume dokumente of die tegniese aard van die onderwerp daarvan.

25K. Aflewering van dokumente

'n Persoon kan dokumente ingevolge hierdie Regulasies aflewer—

- (a) deur 'n harde kopie per hand by die appèladministrateur af te lewer;
- (b) per geregistreerde pos;
- (c) per koerier; of
- (c) per elektroniese pos.

25L. Berekening van dae

- (1) Wanneer dae ingevolge hierdie Regulasies bereken moet word, moet die tydperk vanaf die begin van die dag wat op daardie bepaalde dag volg tot die einde van die laaste dag van die tydperk bereken word, maar as die laaste dag van die tydperk op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag val, moet daardie tydperk verleng word tot aan die einde van die volgende dag, wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie, en die tydperk tussen 15 Desember tot 5 Januarie moet van die berekening van dae uitgesluit word.
- (2) Waar 'n voorgeskrewe tydsbestek deur een of meer openbare vakansiedae geraak word, moet die tydsbestek verleng word met die getal openbare vakansiedae wat binne daardie tydsbestek val.

5. Kort titel en inwerkingtreding

Hierdie Regulasies heet die Nasionale Wet op Bosse Wysigingsregulasies, 2023, en tree in werking op die datum van publikasie in die Staatskoerant.



forestry, fisheries
and the environment

Department:
Forestry, Fisheries and the Environment
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AANHANGSEL A

GESKREWE KENNISGEWING VAN NIENAKOMING

(ingevolge regulasie 24A(1))

Verw:
Navrae:
Fisiese adres:
Tel:
E-pos:

www.environment.gov.za

[Naam van persoon aan wie 'n skriftelike kennisgewing uitgereik moet word]

[Adres]

[Kontakbesonderhede]

Geagte Meneer/Mevrou

SKRIFTELIKE KENNISGEWING INGEVOLGE REGULASIE 24A VIR OORTREDING VAN ARTIKEL 7(5) VAN DIE NASIONALE WET OP BOSSE, 1998 (WET NO. 84 VAN 1998), SOOS GEWYSIG TEN OPSIGTE VAN [VOEG ONTWETTIGE AKTIWITEIT WAARMEE BEGIN IS, IN] TE [VOEG BESKRYWING VAN EIENDOM/TERREIN, ERF/GEDEELTE/STRAATNOMMER EN NAAM IN] ONDER [VOEG MUNISIPALITEIT IN] ("DIE TERREIN").

1. **BESLUIT**

- 1.1. Ek, [voeg die beampte se naam in], in my hoedanigheid as Bosbeampte, Graad 2, ná oorweging van die aangeleentheid, is van mening dat u, [voeg persoon se naam/ maatskappynaam in], verteenwoordig deur [voeg naam van verteenwoordiger in] in u hoedanigheid as [voeg hoedanigheid in die maatskappy in], as die persoon wat wederregtelik met onwettige aktiwiteite op die Terrein begin het, versuim het om aan die wetsbepalings ten opsigte van die aktiwiteite wat op die Terrein begin is, te voldoen.
- 1.2. Dienooreenkomstig reik ek hierby aan u, [voeg persoon se naam/maatskappynaam in] verteenwoordig deur [voeg verteenwoordiger se naam in] as die persoon wat wederregtelik begin het met [lys aktiwiteite] op die

Terrein, 'n skriftelike kennisgewing ingevolge Regulasie 24A uit vir die oortreding van artikel 7(5) van die Nasionale Wet op Bosse, 1998 (Wet No. 84 van 1998), soos gewysig.

2. **INLEIDING**

2.1. Ek verwys na die volgende:

- 2.1.1. [Verwys na enige inspeksies wat gedoen is, die waarnemings wat gemaak is, die kennis van voorneme om 'n skriftelike kennisgewing uit te reik, enige vertoë van die beweerde oortreder ontvang en enige ander tersaaklike korrespondensie].

3. **BESONDERHEDE VAN AKTIWITEITE WAT 'N NIEVOLDOENING DAARSTEL**

3.1. **Artikelnommer**

Artikel 7(5) van die Nasionale Wet op Bosse, 1998 (Wet No. 84 van 1998), soos gewysig

3.2. **Wetsbepaling:**

- 3.2.1. Skriftelike kennisgewing ingevolge regulasie 24A vir oortreding van artikel 7(5) van die Nasionale Wet op Bosse, 1998 (Wet No. 84 van 1998), soos gewysig.

3.3. **Bevindinge/Terreinwaarnemings:**

- 3.4. Natuurlike Bostipe en Bosstatus, bv. wortelboombose is as 'n bedreigde ekosisteme geklassifiseer ingevolge die "National Environmental Management Biodiversity Act, 2004" (Wet No. 10 van 2004).

- 3.5. Geraamde gebied van natuurlike bos wat vernietig is, in vierkante meter of hektaar.

- 3.6. Geografiese Posisioneringstelsel (GPS) -koördinate van die geraakte gebied op 'n Google Earth- of ruimtelike kaart uitgebeeld.

- 3.7. Boomspeesies versteur, beskadig of vernietig (indien identifiseerbaar) of besit, ingesamel, verwyder, vervoer, uitgevoer, gekoop, verkoop, geskenk, of op enige ander wyse verkry of van die hand gesit, of enige bosprodukt wat aan 'n natuurlike bos ontleen is

4. **INSTRUKSIE OF STAPPE WAT GEDOEN MOET WORD**

Ingevolge hierdie skriftelike kennisgewing, vereis ek dat u die volgende doen:

- 4.1 [Dui stappe aan wat gedoen gaan word, voeg besonderhede in ten opsigte van die stappe wat gedoen moet word deur die persoon wat van nienakoming aangekla word en die tydperk waarin hierdie stappe gedoen moet word]

- 4.2 [Verbode gedrag: Lys enige handeling wat nie deur die persoon wat van nienakoming aangekla word, verrig mag word nie en die tydperk waarvoor die verbod van krag sal bly.]

5. PROSEDURELE REËLINGS

- 5.1. As u wil hê ek moet hierdie skriftelike kennisgewing verander of die tydperk verleng waarop dit van toepassing is, kan u versoë aan my as die Bosbeampte rig om dit te doen binne agt-en-veertig (48) uur vanaf ontvangs van die skriftelike kennisgewing, by die volgende adres: [voeg fisiese adres of e-posadres in]
- 5.2. U kan beswaar aanteken teen die skriftelike kennisgewing deur skriftelik versoë te rig aan die Minister van die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing binne 30 dae vanaf ontvangs van die skriftelike kennisgewing.
- 5.3. U kan ook versoë rig aan die Minister om die werking van die skriftelike kennisgewing op te skort hangende die afhandeling van die beswaar, by die volgende adres: Environment House, H/v Steve Biko (voorheen Beatrixstraat) en Soutpansbergweg, Steve Biko 473, Arkadië, Pretoria, 0083, Suid-Afrika.
- 5.4. Ongeag enige versoë wat u aan die Minister kan maak, moet u aan die skriftelike kennisgewing voldoen tensy die Minister instem om die werking van die skriftelike kennisgewing op te skort.

6. VERSUIM OM TE VOLDOEN

Wet / Artikelnummer	Misdryf en straf
<p>Artikel 7(5) gelees met artikel 62(1) van Nasionale Wet op Bosse, 1998 (Wet No. 84 van 1998).</p>	<p>Misdryf: Artikel 61. Enige persoon wat versuim om die stappe te doen wat hy of sy ingevolge artikels 4(8), 7(5), 8(3), 14(6) en 17(3) opdrag gegee is om te doen binne die tydperk of verlengde tydperk wat gestel is, is skuldig aan 'n kategorie 5-misdryf.</p> <p>Artikel 62(1) Enige persoon wat 'n verbod op sekere handeling rakende bome, inheemse plantegroei of enige ander bosprodukt in natuurlike bosse oortree in artikel 7(1) bedoel, is skuldig aan 'n kategorie 1-misdryf.</p> <p>Artikel 63(5) Enige persoon wat 'n voorwaarde in 'n lisensie, vrystelling, of enige ander magtiging ingevolge hierdie Wet oortree, ten opsigte van—</p> <p>(a) 'n beskermde gebied, 'n natuurlike bos, of beskermde bome, is skuldig aan 'n kategorie 2-misdryf.</p> <p>(b) enige ander bos, is skuldig aan 'n kategorie 3-misdryf.</p> <p>Straf:</p> <p>Artikel 58(1) - 'n Persoon wat aan 'n kategorie 1-misdryf bedoel in artikels 62 en 63 skuldig is, kan tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot en met drie jaar, of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf gevonnissen word.</p> <p>Artikel 58(2) - 'n Persoon wat aan 'n kategorie 2-misdryf bedoel in artikel 62, 63 en 64 skuldig is, kan by 'n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot en met twee jaar gevonnissen word, of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.</p> <p>Artikel 58(3) - 'n Persoon wat aan 'n kategorie 3-misdryf in artikel 62 en 63 bedoel skuldig is, kan by eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot een jaar, of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf gevonnissen word.</p> <p>Artikel 58(4) - 'n Persoon wat skuldig is aan 'n kategorie 4-misdryf bedoel in artikel 63 en 64, kan by 'n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf met 'n boete of 'n gemeenskapsdiens vir 'n tydperk</p>

	<p>van tot ses maande of met beide 'n boete en sodanige diens gevonniss word.</p> <p>Artikel 58(5) - 'n Persoon wat skuldig is aan 'n kategorie 2-, 3- of 4-misdryf kan gevonniss word op 'n tweede skuldigbevinding vir daardie misdryf asof hy of sy 'n kategorie 1-, 2 of 3-misdryf, onderskeidelik, gepleeg het.</p> <p>Artikel 58(6) - 'n Persoon wat skuldig is aan 'n kategorie 5-misdryf in artikel 61 bedoel, kan met 'n boete van hoogstens R10 miljoen of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot 10 jaar of met beide sodanige boete en gevangenisstraf gevonniss word.</p> <p>Artikel 58(8)(b) - 'n Hof wat enige persoon vonnis vir enige misdryf ingevolge hierdie Wet, kan 'n lisensie wat kragtens artikel 7, 15 of 23 aan die oortreder toegestaan is, opskort of intrek.</p>
--	--

- 6.1 Ons wil dit duidelik stel dat die instruksies hierin vervat in die belang van volhoubare bosbestuur gemaak word en met die oog op 'n samewerkende oplossing van die kwessie. Die voorlegging van die aangevraagde inligting hierbo impliseer nie dat geen verdere aksie teen u gedoen sal word nie.
- 6.2 Indien enige lisensie uitgereik is, is die lisensie [voeg lisensienommer in] tot verdere kennisgewing teruggetrek weens die nievoldoening.
- 6.3 Indien enige aspek van hierdie skriftelike kennisgewing (nievoldoeningskennisgewing) nie vir u duidelik is nie, tree asseblief so gou as moontlik skriftelik in verbinding met die persoon vir navrae aangedui.

(Voeg Naam van Bosbeampte in)

Graad 2-bosbeampte

Datum:

Ontvangserkenning:

Ontvang deur Mnr/Mev _____ namens die maatskappy _____

Op hierdie _____ dag van _____, te _____

Handtekening _____



forestry, fisheries
and the environment

Department:
Forestry, Fisheries and the Environment
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AANHANGSEL B
KENNISGEWING VAN VOORNEME OM 'N SKRIFTELIKE KENNISGEWING UIT TE REIK
(ingevolge regulasie 24A(2)(a))

Verw:
Navrae:
Fisiese adres:
Tel:
E-pos:

www.environment.gov.za

[Naam van persoon aan wie 'n Kennisgewing van Voorneme uitgereik gaan word]

[Adres]

[Kontakbesonderhede]

Geagte Meneer/Mevrou

KENNISGEWING VAN VOORNEME (VOORVOLDOENING) OM 'N SKRIFTELIKE KENNISGEWING INGEVOLGE REGULASIE 24A UIT TE REIK VIR OORTREDING VAN DIE NASIONALE WET OP BOSSE, 1998 (WET NO. 84 VAN 1998), SOOS GEWYSIG TEN OPSIGTE VAN [VOEG ONWETTIGE AKTIWITEIT WAARMEE BEGIN IS, IN] TE [VOEG BESKRYWING VAN EIENDOM/TERREIN, ERF/GEDEELTE/STRAATNOMMER EN NAAM IN] ONDER [VOEG MUNISIPALITEIT IN] ("DIE TERREIN").

1. Ek, [voeg die beampte se naam in], in my hoedanigheid as 'n Bosbeampte, gee u hierby skriftelike kennisgewing van my voorneme om aan u, [voeg naam van natuurlike persoon/maatskappy verteenwoordig deur [voeg naam van verteenwoordiger in] in u hoedanigheid as [voeg hoedanigheid van verteenwoordiger in maatskappy in], as die persoon wat wederregtelik begin het met onwettige aktiwiteite by [voeg beskrywing van eiendom in] onder [voeg tersaaklike munisipaliteit in] 'n skriftelike kennisgewing uit te reik ingevolge artikel 7(5) van die Nasionale Wet op Bosse, 1998 (Wet No. 84 van 1998), soos gewysig en gelees met regulasie 24A van hierdie Regulasies.
2. Die skriftelike kennisgewing wat ek voornemens is om uit te reik, hou verband met u nievoldoening aan [dui tersaaklike wetgewing/ Regulasie aan].

3. Ek het redelike gronde om te glo dat u begin het, op of na [voeg datum in], met wederregtelike aktiwiteite ingevolge Regulasie 24A in stryd met [voeg tersaaklike artiëkl van die Wet in] sonder 'n lisensie vereis ingevolge [voeg tersaaklike artikel van die Wet in].
4. Ek het hierdie opinie op grond van die volgende bereik:
 - 4.1 [Verwys na enige korrespondensie tussen die oortreder en die Departement, inspeksies wat uitgevoer is, en die waarneming wat gemaak is, ruimtelike analise wat gedoen is, bv. lugfoto's, en enige ander tersaaklike korrespondensie].
 - 4.2 Lys die onwettige aktiwiteite wat op die terrein waargeneem is in verband met die Wet.

5. VOORGENOME INSTRUKSIES

- 5.1 Ooreenkomstig Regulasie 24A van die Regulasies gelees met die "Promotion of Administration of Justice Act, 2000" (Wet No. 3 van 2000), gee ek u hierby die geleentheid om skriftelike vertoë aan my te rig binne [voeg tydsbestek in] kalenderdae vanaf ontvangs van hierdie Kennisgewing, as u van mening is dat daar enige dwingende en weselike redes vir my is om nie my bevoegdhede ingevolge Regulasie 24A uit te oefen nie vir oortreding van [voeg tersaaklike artikel van die Wet in], om 'n skriftelike kennisgewing uit te reik wat sal vereis dat u, onder meer:
 - 5.2 [voeg spesifieke instruksies in wat in die skriftelike kennisgewing gegee sal word om die nievoldoening aan te spreek]

6. PROSEDURELE REËLINGS

- 6.1 As u wil hê ek moet hierdie kennisgewing van voorneme verander of die tydperk verleng waarop dit van toepassing is, kan u vertoë aan my as die Bosbeampte rig om dit te doen binne agt-en-veertig (48) uur vanaf ontvangs van die kennisgewing van voorneme, by die volgende adres: [voeg fisiese adres of e-posadres in].
- 6.2 U kan beswaar aanteken teen die kennisgewing van voorneme deur skriftelik vertoë te rig aan die Minister van die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing binne 30 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing van voorneme.
- 6.3 U kan ook vertoë rig aan die Minister om die werking van die skriftelike kennisgewing op te skort hangende die afhandeling van die beswaar, by die volgende adres: Environment House, H/v Steve Biko (voorheen Beatrixstraat) en Soutpansbergweg, Steve Biko 473, Arkadië, Pretoria, 0083, Suid-Afrika.
- 6.4 Ongeag enige vertoë wat u aan die Minister kan maak, moet u aan die skriftelike kennisgewing voldoen tensy die Minister instem om die werking van die kennisgewing van voorneme op te skort.
- 6.5 Indien u versuim om aan hierdie skriftelike kennisgewing van voorneme te voldoen, met ander woorde deur nie skriftelike vertoë te rig nie, sal 'n skriftelike kennisgewing uitgereik word.
- 6.6 Versuim om aan 'n skriftelike kennisgewing te voldoen wanneer dit uitgereik is, stel 'n misdryf ingevolge die Nasionale Wet op Bosse, 1998 (Wet No. 84 van 1998), soos gewysig, daar.
- 6.7 Die Departement is geregtig om die vereiste stappe namens u te doen en om enige koste wat sodoende aangegaan word van u te eis.
- 6.8 Ons wil dit duidelik stel dat die instruksies hierin vervat in die belang van volhoubare bosbestuur en met die oog op 'n samewerkende oplossing van die kwessie gegee word. Afhangende van die uitslag van die vertoë in hierdie opsig gemaak, sal die Departement besluit hoe die aangeleentheid verder gevoer sal word. Die voorlegging van die aangevraagde inligting hierbo impliseer nie dat geen verdere aksie teen u gedoen sal word nie.
- 6.9 Indien u meer duidelikheid benodig oor enige aspek van heirdie kennisgewing van voorneme, tree asseblief so gou as moontlik skriftelik in verbinding met die persoon vir navrae aangedui.
- 6.10 U kan van die regsmiddele beoog in die "Promotion of Administrative Justice Act, 2000" (Wet No. 3 van 2000), gebruik maak indien u wil, met inagneming van die bogenoemde ongunstige bevinding oor u aangeleentheid.

Geteken op hede die ____ dag van _____ te _____

Naam van Bosbeampte

Handtekening

Ontvangserkenning:

Ontvang deur Mnr/Mev _____ namens die maatskappy _____

Op hierdie ____ dag van _____, te _____ Handtekening: _____



AANHANGSEL C
APPÈLVORM
(ingevolge regulasie 25C)

APPÈLVORM INGEVOLGE DIE NASIONALE WET OP BOSSE, 1998 (WET NO. 84 VAN 1998)

Environment House, H/v Steve Biko (voorheen Beatrixstraat) en Soutpansbergweg, Steve Biko 473, Arkadië, Pretoria, 0083, Suid-Afrika.

Navrae: Mnr. Avhashoni Renny Madula

Telefoon: 012 309 5710

E-pos: amadula@dfpe.gov.za

Webwerf: <http://www.dffe.gov.za>

Dien asseblief u voltooide appèlvorm en stawende dokumentasie in by:

Posadres:

Privaat Sak X447

Pretoria

0001

Suid-Afrika

Fisiese adres:

Die Minister van Boshou, Visserye, en die Omgewing

Departement van Bosbou, Visserye, en die Omgewing

Environment House,

H/v Steve Biko (voorheen Beatrixstraat) en Soutpansbergweg,

Steve Biko 473,

Arkadië,

Pretoria, 0083

Suid-Afrika

LET WEL:

- (1) Hierdie vorm moet slegs gebruik word as u 'n appèl ingevolge enige artikel van die Nasionale Wet op Bosse, 1998 (Wet No. 84 van 1998, soos gewysig), indien.
- (2) 'n Elektroniese weergawe van hierdie vorm kan verkry word op die Departementele webwerf by www.dffe.gov.za
- (3) Die voltooide appèlvorm moet gepos word of elektronies ingedien word by die bogenoemde pos-/fisiese/e-posadres.
- (4) Inligting wat aangevra word moet in die toegewysde spasies voorsien word. Indien die toegewysde spasie onvoldoende is, kan bykomende bladsye as 'n Aanhangsel aangeheg word.
- (5) Inligting moet so kort en bondig as moontlik wees.
- (6) Waar boksies voorsien word, moet die gepaste boksies afgemerk word.
- (7) Die appèl moet binne 20 (twintig) dae ná die beslissing deur die Departement toegestaan is en die aansoeker skriftelik van die Departement se besluit in kennis gestel is, aan die Minister voorgelê word.
- (8) 'n Afskrif van stawende dokumente (bv. verslae) moet by voorlegging by hierdie vorm aangeheg word.
- (9) Hierdie vorm moet deur die appellant of die appellant se behoorlik aangestelde verteenwoordiger onderteken word.

DEEL A1. APPELLANT SE BESONDERHEDE

Volle naam van Appellant:

.....

Maatskappynaam (indien van toepassing)..... van

Identiteitsdokumentnommer of paspoortnommer (Heg 'n gesertifiseerde afskrif aan).

.....

Fisiese Adres		Posadres	
	Poskode		
Telno. (werk)		Telno. (huis)	
Faksnommer:			
Selfoonnommer:			
E-posadres:			

DEEL A2. BEHOORLIK GEMAGTIGDE VERTEENWOORDIGER SE BESONDERHEDE (indien van

Naam van persoon wat die appellant verteenwoordig (indien van toepassing)

.....

Identiteitsdokumentnommer of paspoortnommer (Heg 'n gesertifiseerde afskrif aan).

.....

Fisiese Adres		Posadres Adres	
	Poskode		
Telno. (werk)		Telno. (huis)	
Faksnommer:			
Selfoonnommer:			
E-posadres:			

DEEL B. INLIGTING OOR DIE BESLISSING WAARTEEN APPÈL AANGETEKEN WORD

1. Projeknaam (waar van toepassing):

2. Beskrywing van eiendom (Straatnaam, ERF-nommer, PTN-nommer, plaasnommer, Voorstad/Dorp, Plaaslike Munisipaliteit, Distriksmunisipaliteit, Provinsie):

3. Kort beskrywing van die aktiwiteit:

4. Departement se beslissing oor die bogenoemde projek:

5. Lisensienommer (waar van toepassing):

6. Is u in kennis gestel van die Departement se beslissing? (Ja/Nee)

7. Indien ja, voorsien asseblief 'n datum van beslissing en bewys van korrespondensie:

DEEL C: KENNISGEWING VAN VOORNEME OM APPÈL AAN TE TEKEN

1. Het u die Departement in kennis gestel van die voorneme om appèl aan te teken teen die Departement se beslissing?

2. Indien ja, voorsien die datum waarop kennisgewing van voorneme ingedien is (heg 'n afskrif van die korrespondensie aan)

DEEL D: GRONDE VIR APPÈL

1. Voorsien 'n verklaring waarin die gronde vir u appèl uiteengesit word.

2. Bevat jou appèl enige nuwe inligting wat nie by die Departement ingedien is voor die Departement se besluit nie? (Ja/Nee).

3. Indien ja, voorsien asseblief die inligting, bv. hoekom is die inligting nie aan die Departement beskikbaar gestel voor die Departement se besluit nie en redes hoekom die Minister dit moet oorweeg.

4. Lys asseblief enige aanhangsels wat in jou appèldokument ingesluit is:
 - a. _____
 - b. _____
 - c. _____
 - d. _____
 - e. _____

Appellant se handtekening (Of behoorlik aangestelde
verteenwoordiger)

Datum

VIR AMPTELIKE GEBRUIK:

Appèl ontvang deur: _____

Datum: _____

Aanhegsels ingesluit: JA NEE Afskrifte van kennisgewings aangeheg: JA NEE

Verwysingsno: _____

Handtekening

Kantoor van die Minister

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065